*Maandag* **8 Desember**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:18-25**
**Fokusgedeelte: Romeine 8:22, 23**

## Sugte wat roep om die wederkoms van Christus

Daar is drie dinge wat in hierdie lewe sug, sê Paulus in Romeine 8. Dit is die skepping (vs 22), die kerk (vs 23) en die Gees (vs 26). In die gedeelte wat jy gelees het, kom die sugte van die skepping en die kerk aan die orde. Waarom sug die skepping? Dit is die gevolg van die mens se sonde dat die hele skepping nou daaronder ly. Die hele skepping trek in haar sugte saam soos 'n vrou wat op die punt is om 'n kind in die wêreld te bring. Dorings en dissels, aardbewings en tsoenami's, hongersnode en oorloë, alles op hierdie aarde en in die heelal laat die skepping sug om uit die wurggreep van die sonde los te kom. Elke kraampyn in die skepping bring die verwagting: Nuwe lewe is op pad soos by 'n swanger vrou. Christus kom!

Waarom sug die kerk? Waarom sug ek en jy saam met al die gelowiges? Ons sug omdat ons nog nie die volheid van ons verlossing gesmaak het nie. Die sonde staan nog by ons. Ons sug, want ons het nog nie 'n verheerlikte liggaam nie. Ons sug, want ons het nog nie die sonde finaal afgesterf nie. Ons sug oor al die sonde en gebrokenheid in die wêreld. Ons sug oor straatkindertjies, oor ongehude moeders, oor plaasmoorde, oor trane, pyn en dood. Ons sug oor die verganklikheid van die lewe. Ons sug oor die ouderdom wat slim manne dom maak en sterkes swak, mooies lelik en vaardiges onbeholpe. Om die rede sug die kerk: Hoe lank nog, Here?

Wat staan ons te doen? Ons bly sug saam met die Gees: Kom, Here Jesus, kom tog gou! Ons oë neem in hierdie wagtyd nie die kleur van hierdie aarde aan nie. Ons bly wag en kyk van wolk tot wolk. Ons weet: as Christus kom, gaan ons lewe 'n omwenteling ondergaan. Trane word afgevee, die pyn verdwyn, dood is daar nie meer nie en al die sugte hou op, maar vandag nog, as jy stil word, hoor jy die skepping en medegelowiges sug? Die sugte roep: Die Here Jesus is op pad. Sug jy saam?

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3, 4*
*Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Emeritus)*